_____

_____

_____

6. I do not ask for costs to be granted against the respondent.

OR

6. The respondent should pay the costs of this application for the following reasons:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(Delete whichever paragraph that is not applicable)

WHEREFORE I pray that the above Honourable Court grants the orders in the Notice of Application.

.....

(Applicant)

Signed and sworn to/solemnly affirmed at .....on this .....day of .....after the deponent admitted that he/she knows and understands the contents of this affidavit, that he/she has no objection in taking the prescribed oath/solemnly affirming the contents of this affidavit and that he/she considers the oath/affirmation binding on his/her conscience.

.....

COMMISSIONER OF OATHS

NAME.....

CAPACITY.....

ADDRESS.....".

Commencement

4. These Rules shall come into effect on 11 March 2019.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

NO. R. 61 **25 JANUARIE 2019**

WET OP REËLSRAAD VIR GEREGSHOWE, 1985 (WET NO. 107 VAN 1985)

WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGE VAN DIE VERSKILLENDE PROVINSIALE EN PLAASLIKE AFDELINGS VAN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD

Die Reëlsraad vir Geregshowe het kragtens artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), met die goedkeuring van die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, die reëls in die Bylae gemaak.

BYLAE

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

1. Uitdrukkings in **[ ] vet druk** dui uitlatings uit bestaande reëls aan.
2. Uitdrukkings met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande reëls aan.

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken die "Reëls" die Reëls waarby die verrigtinge van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hoë Hof van Suid-Afrika gereël word gepubliseer kragtens Goewermentskennisgewing No. R. 48 van 12 Januarie 1965, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. R. 235 van 18 Februarie 1966, R. 2004 van 15 Desember 1967, R. 3553 van 17 Oktober 1969, R. 2021 van 5 November 1971, R. 1985 van 3 November 1972, R. 480 van 30 Maart 1973, R. 639 van 4 April 1975, R. 1816 of 8 Oktober 1976, R. 1975 van 29 Oktober 1976, R. 2477 van 17 Desember 1976, R. 2365 van 18 November 1977, R. 1546 van 28 Julie 1978, R. 1577 van 20 Julie 1979, R. 1535 van 25 Julie 1980, R. 2527 van 5 Desember 1980, R. 500 van 12 Maart 1982, R. 773 van 23 April 1982, R. 775 van 23 April 1982, R. 1873 van 3 September 1982, R. 2171 van 6 Oktober 1982, R. 645 van 25 Maart 1983, R. 841 van 22 April 1983, R. 1077 van 20 Mei 1983, R. 1996 van 7 September 1984, R. 2094 van 13 September 1985, R. 810 van 2 Mei 1986, R. 2164 van 2 Oktober 1987, R. 2642 van 27 November 1987, R. 1421 van 15 Julie 1988, R. 210 van 10 Februarie 1989, R. 608 van 31 Maart 1989, R. 2628 van 1 Desember 1989, R. 185 van 2 Februarie 1990, R. 1929 van 10 Augustus 1990, R. 1262 van 30 Mei 1991, R. 2410 van 30 September 1991, R. 2845 van 29 November

1991, R. 406 van 7 Februarie 1992, R. 1883 van 3 Julie 1992, R. 109 van 22 Januarie 1993, R. 960 van 28 Mei 1993, R. 974 van 1 Junie 1993, R. 1356 van 30 Julie 1993, R. 1843 van 1 Oktober 1993, R. 2365 van 10 Desember 1993, R. 2529 van 31 Desember 1993, R. 181 van 28 Januarie 1994, R. 411 van 11 Maart 1994, R. 873 van 31 Mei 1996, R. 1063 van 28 Junie 1996, R. 1557 van 20 September 1996, R. 1746 van 25 Oktober 1996, R. 2047 van 13 Desember 1996, R. 417 van 14 Maart 1997, R. 491 van 27 Maart 1997, R. 700 van 16 Mei 1997, R. 798 van 13 Junie 1997, R. 1352 van 10 Oktober 1997, R. 785 van 5 Junie 1998, R. 881 van 26 Junie 1998, R. 1024 van 7 Augustus 1998, R 1723 van 30 Desember 1998, R. 315 van 12 Maart 1999, R. 568 van 30 April 1999, R. 1084 van 10 September 1999, R. 1299 van 29 Oktober 1999, R. 502 van 19 Mei 2000, R. 849 van 25 Augustus 2000, R. 373 van 30 April 2001, R. 1088 van 26 Oktober 2001, R. 1755 van 5 Desember 2003, R. 229 van 20 Februarie 2004, R. 1343 van 12 Desember 2008, R. 1345 van 12 Desember 2008, R. 516 van 8 Mei 2009, R. 518 van 8 Mei 2009, R. 86 van 12 Februarie 2010, R. 87 van 12 Februarie 2010, R. 88 van 12 Februarie 2010, R. 89 van 12 Februarie 2010, R. 90 van 12 Februarie 2010, R. 500 van 11 Junie 2010, R. 591 van 09 Julie 2010, R. 980 van 19 November 2010, R. 981 van 19 November 2010, R. 464 van 22 Junie 2012 en R. 992 van 7 Desember 2012, R. 114 van 15 Februarie 2013, R. 262 van 12 April 2013, R. 471 van 12 Julie 2013, R. 472 van 12 Julie 2013, R. 759 van 11 Oktober 2013, R. 212 van 28 Maart 2014, R. 213 van 28 Maart 2014, R. 214 van 28 Maart 2014, R. 30 van 23 Januarie 2015; R. 31 van 23 Januarie 2015, R. 317 van 17 April 2015, R. 781 van 31 Augustus 2015, R. 3 van 19 Februarie 2016, R. 678 van 3 Junie 2016, R. 1055 van 29 September 2017, R. 1272 van 17 November 2017 en R. 1318 van 30 November 2018.

Vervanging van reël 31 van die Reëls

2. Reël 31 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"**Toestemming tot vonnis [en], vonnis by verstek en herroeping van vonnisse**

31. (1) *(a)* Behalwe in aksies om regshulp ingevolge die Wet op Egskeiding, 1979 (Wet No. 70 van 1979), of nietigverklaring van 'n huwelik, kan 'n verweerder te eniger tyd geheel of gedeeltelik toestem tot vonnis.

(b) Die toestemming in paragraaf *(a)* bedoel word deur die verweerder persoonlik onderteken en geattesteer deur 'n prokureur wat namens **[hom]** die verweerder optree en nie ook vir die eiser nie, of dit **[word]** moet by beëdigde verklaring bevestig word.

(c) Die toestemming word dan aan die eiser verskaf, waarop hy skriftelik deur die griffier by 'n regter aansoek kan doen om vonnis ooreenkomstig die toestemming.

(2) *(a)* Wanneer die eis in 'n aksie of, indien daar meer as een eis is, enige van die eise nie vir skuld of andersins likwied is nie en 'n verweerder in verstek is met sy of haar kennisgewing van voorneme om te verdedig of met sy of haar pleit, kan die eiser die aksie ter rolle plaas soos in subreël (4) vir verstekvonnisse voorgeskryf en die hof kan, na die aanhoor van getuienis, vonnis teen die verweerder gee of na goeddunke 'n ander bevel gee.

(b) 'n Verweerder kan binne 20 dae **[nadat]** <u>ná kennisname van</u> so 'n vonnis **[tot sy of haar kennis gekom het]**, met kennisgewing aan die eiser by die hof aansoek doen om tersydestelling van die vonnis en die hof kan by aanvoering van gegronde redes, die verstekvonnis tersyde stel op die voorwaardes wat **[hy]** <u>die hof</u> goedvind.

(3) Waar 'n eiser onder belet is om 'n deklarasie af te lewer, kan die verweerder die aksie ter rolle plaas soos in subreël (4) bepaal en aansoek doen om absolusie van die instansie of, nadat hy getuienis aangebied het, om vonnis, en die hof kan daarop na goeddunke 'n bevel gee.

(4) Die verrigtinge in subreëls (2) en (3) bedoel, word ter rolle geplaas met minstens vyf dae kennisgewing aan die party wat in verstek is: Met dien verstande dat aan 'n party wat geen kennis gegee het van voorneme om te verdedig nie, geen kennisgewing van terrolleplasing gegee **[hoef te]** word nie.

(5) *(a)* Wanneer 'n verweerder in verstek is met aflewering van sy of haar kennisgewing van voorneme om te verdedig of met sy of haar pleit, moet die eiser wat vonnis by verstek verlang, waar elk van die else vir skuld of andersins likwied is, 'n skriftelike aansoek om vonnis teen die verweerder by die griffier indien: Met dien verstande dat wanneer die verweerder in verstek is met sy of haar aflewering van 'n pleit, die eiser sodanige verweerder minstens **[5]** <u>5</u> dae kennis moet gee van **[sy of haar]** <u>die</u> voorneme om aansoek om vonnis by verstek te doen.

(b) Die griffier kan—

(i) vonnis soos versoek gee;

(ii) vonnis vir slegs 'n gedeelte van die eis of op gewysigde voorwaardes gee;

(iii) vonnis in die geheel of gedeeltelik weier;

(iv) die aansoek om vonnis op die voorwaardes wat **[hy of sy]** geag kan word billik **[ag]** te wees, uitstel;

(v) mondelinge of skriftelike voorleggings aanvra of ontvang;

(vi) vereis dat die saak ter rolle geplaas word vir verhoor in die ope hof:

Met dien verstande dat indien die aansoek om 'n bevel is wat residensiële eiendom spesiaal as vatbaar vir eksekusie verklaar, die griffier sodanige aansoek aan die hof rig.

(c) Die griffier notuleer 'n vonnis of voorskrif **[deur hom of haar gegee]**.

(d) 'n Party wat ontevrede is met 'n vonnis of voorskrif deur die griffier gegee, kan binne 20 dae nadat so 'n vonnis of voorskrif tot sodanige party se kennis gekom het die saak vir heroorweging deur die hof ter rolle plaas.

(e) Die griffier staan vonnis vir koste toe:

(i) ooreenkomstig Deel II van Tabel A van Bylae 2 tot die Landdroshofreëls plus baljugelde indien die waarde van die eis volgens die dagvaarding, afgesien van enige toestemming tot jurisdiksie, binne die jurisdiksie van die landdroshof val**[,]**; en

(ii) in ander gevalle, tensy in die aansoek om vonnis by verstek vir taksasie gevra word of die griffier 'n beslissing omtrent koste van die hof verlang, **[R650]** ooreenkomstig items 1 en 2 van Artikel B van reël 70 plus baljugelde.

(6) *(a)* Enige persoon wat deur 'n toegestaande verstekvonnis geraak word, kan, indien die eiser skriftelik tot die tersydestelling van die vonnis ingestem het, ooreenkomstig Vorm 2B van die Eerste Bylae by die hof aansoek doen om tersydestelling van die vonnis, en die hof kan by sodanige aansoek die vonnis tersyde stel.

(b) 'n Vonnisskuldenaar teen wie 'n verstekvonnis gegee is, of enige persoon deur sodanige vonnis geraak word, kan, indien die vonnisskuld, die rente teen die koers in die vonnis gegee en die koste betaal is, by die hof aansoek doen om die tersydestelling van die vonnis, en die hof kan by sodanige aansoek deur die vonnisskuldeiser of ander persoon deur die vonnis geraak, die vonnis tersyde stel.

(c) 'n Aansoek ingevolge paragraaf *(b)*—

(i) word op Vorm 2C van die Eerste Bylae gedoen;

(ii) gaan vergesel van redelike bewyse dat die vonnisskuld, rente en koste, soos in paragraaf *(b)* bedoel, betaal is; en

(iii) word aan die vonnisskuldeiser beteken ten minste 10 dae (wat 'n openbare vankansiedag, Saterdag of Sondag uitsluit), voor die aanhoor van die aansoek en die aansoek gaan vergesel van bewys van daardie betekening.

(d) Die aansoek in paragraaf *(c)* bedoel—

(i) kan ter rolle geplaas word vir verhoor ten minste 10 dae (wat 'n openbare vakansiedag, Saterdag of Sondag uitsluit) ná betekening van die aansoek aan die vonnisskuldeiser; en

(ii) kan in kamers deur 'n regter aangehoor word.".

Invoeging van Vorms 2B en 2C in Eerste Bylae by Reëls

3. Die volgende Vorms word hierby na Vorm 2A in die Eerste Bylae tot die Reëls ingevoeg:

"Vorm 2B
AANSOEK OM TERSYDESTELLING VAN VONNIS INGEVOLGE REëL 31(6)*(a)*

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(……..AFDELING)

Saaknommer ……../20…...

In die saak tussen
……Eiser
en
……Respondent

NEEM KENNIS dat aansoek by die bogenoemde Agbare Hof (in Kamers, deur die kantoor van die Griffier) ingevolge artikel 23A(1) van die Wet op Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013), soos gewysig, gedoen gaan word, vir 'n bevel luidens die volgende:

1. Dat die vonnis op …… (*stel datum van vonnis*) teen die vonnisskuldenaar gegee, tersyde gestel word.
2. Koste slegs indien die aansoek geopponeer word.

NEEM VERDER KENNIS dat die skriftelike toestemming van die respondent, as "Aanhangesl A" hierby aangeheg, ter ondersteuning van die aansoek gebruik sal word.

GELIEWE die saak ter rolle te plaas om aangehoor te word.

Gedateer te ……hierdie ……dag van ……20……

Applikant/ Applikant se prokureur
Adres van applikant/applikant se prokureur
……
……
……

Aan: Die Griffier van die Hooggeregshof

en aan: Respondent/respondent se prokureur
.....
Adres van respondent/respondent se prokureur
.....
.....
.....

(Let wel: Lewer bewys van betekening aan respondent of prokureur)

Vorm 2C
AANSOEK OM TERSYDESTELLING VAN VONNIS INGEVOLGE REëL 31(6)*(b)*

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(.....AFDELING)

Saaknommer. ...../20.....

In die saak tussen
.....Applikant
en
.....Respondent

Aan: Die Griffier

NEEM KENNIS dat aansoek by die bogenoemde Agbare Hof op ..... te....., (of voor 'n Regter in kamers, indien aldus gelas) gedoen sal word vir 'n bevel luidens die volgende:

1. Dat die vonnis op ..... *(verstrek datum van vonnis)* teen die vonnisskuldenaar gegee, tersyde gestel word.
2. Koste indien van toepassing.

NEE VERDER KENNIS dat die beëdigde verklaring van die aansoeker, hierby aangeheg, ter ondersteuning van die aansoek gebruik sal word.

GEDATEER te .....hierdie .....dag van .....20....

Applikant/ applikant se prokureur
Adres van applikant /applikant se prokureur
.....
.....
.....

Aan: Die Griffier van die Hooggeregshof

En aan: Respondent/respondent se prokureur
.....
Adres van respondent/respondent se prokureur
.....
.....
.....
(Let wel: Voorsien bewys van betekening van die aansoek aan die respondent of prokureur)

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(.....AFDELING)

Saaknommer...../20.....

In die saak tussen
.....Applikant
en
.....Respondent

BEëDIGDE VERKLARING TER ONDERSTEUNING VAN AANSOEK OM TERSYDESTELLING VAN VONNIS

1. Ek, die ondergetekende:
.....
(*Stel volle name en van*)
Identiteits-/paspoortnommer. .....
Woonagtig te .....
lê hierby 'n eed af en verklaar/bevestig plegtig:

1.1 Ek is die applikant in hierdie saak en die vonnisskuldenaar in die hoofsaak.

OF

1.1 Ek is die applikant in hierdie aangeleentheid. Die vonnisskuldenaar is ..... (*stel die naam van die vonnisskuldenaar*). Ek is geraak deur vonnis teen die vonnisskuldenaar gegee, weens die volgende redes:

_____

_____

_____

(Skrap watter paragraaf ook al nie van toepassing is nie)

1.2 Die respondent is die vonnisskuldeiser in die hoofsaak.

1.3 Die feite waaroor hierin getuig word is binne my persoonlike waarneming en is tot die beste van my wete en oortuiging waar en korrek.

2. Hierdie aansoek word ingevolge artikel 23A(2) van die Wet op Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013), soos gewysig, gemaak.

3. Op ..... *(stel datum)* het die bogenoemde Agbare Hof vonnis by verstek teen die vonnisskuldenaar gegee, ten gunste van die respondent vir ..... *(Verstrek die vonnisbedrag, die rentekoers en koste)* Hierby aangeheg, gemerk as "Aanhangsel A" is 'n afskrif van die hofbevel/verslag van die Kredietburo.

4. Die vonnisskuld, rente en koste is betaal. Hierby aangeheg as "Aanhangsel B" is die bewys van betaling. *(Heg afskrif van kwitansie of ander vorm van betalingsbewys aan)*

5. Die skriftelike toestemming van die respondent is om die volgende redes nie verkry nie:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

6. Ek vra nie dat koste teen die respondent toegestaan word nie.

OF

6. Die respondent moet weens die volgende redes die koste van hierdie aansoek betaal:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(Skrap die paragraaf wat nie van toepassing is nie)

WESHALWE vra ek dat die bogenoemde Agbare Hof die bevel in die Kennisgewing van Aansoek toestaan.

.....
(Applikant)

Geteken en beëdig/bevestig te .....op hierdie ..... dag van .....nadat die deponent verklaar het dat hy/sy die inhoud van hierdie verklaring ken en begryp, dat hy/sy geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed het nie en dat hy/sy die eed/bevestiging as bindend op sy/haar gewete beskou.

.....
KOMMISSARIS VAN EDE
NAAM.....
HOEDANIGHEID.....
ADRES.....".

Inwerkingtreding

4. Hierdie Reëls tree in werking op 11 Maart 2019.

DEPARTMENT OF RURAL DEVELOPMENT AND LAND REFORM

NO. R. 62 **25 JANUARY 2019**

DEEDS REGISTRIES ACT, 1937 (ACT NO. 47 OF 1937): AMENDMENT OF REGULATIONS

In terms of section 9 (9) of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), I, Maite Nkoana-Mashabane, Minister of Rural Development and Land Reform, hereby approve the regulations contained in the Schedule as made by the Deeds Registries Regulations Board under section 10 of the said Act. The regulations will come into operation one month from the date of publication hereof in the *Gazette*.

MS MAITE NKOANA-MASHABANE, (MP)
MINISTER OF RURAL DEVELOPMENT AND LAND REFORM

SCHEDULE

Definitions

1. In this Schedule "the Regulations" mean the Regulations promulgated by Government Notice No. R. 474 of 29 March 1963, as amended.

Amendment of regulation 68

2. Regulation 68 of the Regulations is hereby amended-

(*a*) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) If any deed conferring title to land or any interest therein or any real right, or any registered lease or sublease or registered cession thereof or any mortgage or notarial bond, is lost or destroyed and a copy is required for any purpose other than one of those mentioned in either of the last two preceding regulations, the registered holder thereof or his duly authorized agent may make written application for such copy, which application shall be accompanied by an affidavit, which affidavit must be attested by a notary public, describing the deed and stating that it has not been pledged and it is not being detained by any one as security for debt or otherwise, but that it has been actually lost or destroyed and cannot be found though diligent search has been made therefor, and further setting forth where possible the circumstances under which it was lost or destroyed: Provided that where a Registrar is satisfied that any deed mentioned in this paragraph has been inadvertently lost, destroyed, defaced or damaged by him, it shall, notwithstanding the provisions of subregulation (2), be competent for him to issue a copy thereof free of charge upon submission of an application and an affidavit, which affidavit must be attested by a notary public.";

(*b*) by the insertion after subregulation (1D) of the following subregulation:

"(1E) (*a*) Before the issuing of a certified copy of any deed conferring title to land or any interest therein or any real right, or any registered lease or sub-lease or registered cession thereof or any mortgage or notarial bond under this regulation, the applicant shall publish, substantially in the prescribed form, a notification of intention to apply for such certified copy in an ordinary issue of the *Government Gazette*.

(*b*) Copies of deeds referred to in paragraph (*a*) shall be open for inspection in the deeds registry free of charge by any interested person, for a period of two weeks after the date of publication of the notice, during which period any person interested may object to the issue of a copy.

(*c*) All persons having objection to the issue of such copy must lodge such objection in writing with the relevant Registrar of Deeds within two weeks after the date of the publication of the notice"; and

(*c*) by the substitution for subregulation (11) of the following subregulation:

"(11) If the registered holder of a mortgage or notarial bond (which has been lost, destroyed or is unserviceable) or his or her duly authorised agent desires to procure cancellation of the bond, and has made written application duly witnessed to the Registrar to cancel such bond, and has complied, mutatis mutandis, with the provisions of subregulations (1), (1E), (2) and (3) of this regulation, the Registrar shall, if he or she is satisfied that no good reason to the contrary exists, cancel the registration duplicate of such bond, and such cancellation shall be deemed to be a cancellation of such bond notwithstanding that the original of such bond was not submitted for cancellation.".

Substitution and addition of forms

3. Regulations are hereby amended-

(*a*) by the substitution for form E of the following form:

"Form E

Prepared by me

.....

CONVEYANCER

.....

(State full name and surname
in block letters)

DEED OF TRANSFER

Be it hereby made known:

That.....appeared before me.....at....., the said appearer, being duly authorised thereto by a power of attorney granted to him/her.....dated the.....day of.....19.....and signed at .....and the said appearer declared that .....(here insert an appropriate recital of the nature of the transaction or the circumstances necessitating transfer) and that he/she in his/her capacity aforesaid, did, by these presents, cede and transfer to and on behalf of....., heirs, executors, administrators or assigns, *in full and free property/all rights, title and interest in a leasehold/initial ownership.....(here insert the description of the land or share therein to be conveyed, including the name, number, registration division and administrative district, and the area. The regulations governing the extending clause and reference to conditions must be observed).

Wherefore the appearer, renouncing all the rights and title .....(insert name of transferor) heretofore had to the premises, did, in consequence also acknowledge him/her/it, to be entirely dispossessed of, and disentitled to, the same; and that, by virtue of these presents, the said....., heirs, executors, administrators or assigns, now is and henceforth shall be entitled thereto, conformably to local customs; the State, however, reserving its rights, and finally acknowledging .....(here quote the * purchase price / declared value of the property where a purchase price is not applicable / purchase price and the declared value where the declared value of the property is higher than the purchase price).

In witness whereof I, the said Registrar, together with the appearer, have subscribed to these presents, and have caused the seal of office to be affixed thereto.

Thus done and executed at the Office of the.....at.....on this..... day of .....in the year .....

.....

Signature of appearer q.q.

.....

In my presence

.....

Registrar of Deeds

(Add a registration clause approved by the Registrar)

N.B. - In the case of donation transfers if a signed acceptance is lodged with the deed such acceptance should be quoted in the recital and no further reference would be necessary. If it is desired to insert an acceptance clause in the deed, such must appear immediately before the 'In witness whereof' clause: Provided that this is only applicable to donations entered into prior to 19 October 1982.

* Omit whichever is not applicable";

(*b*) by the addition of the following form:

"FORM JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of .....(here describe the deed) passed by .....in favour of .....*in respect of certain .....(here insert the description of the property, omitting extent) which has been lost or destroyed.

All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at .....within two weeks after the date of the publication of this notice.

Dated at ..... this..... day of .....

.....
Applicant
Address
E-mail address
Contact number

* In the case of notarial bonds, omit reference to property"; and

(*c*) by the addition of the following form:

"FORM KKK

CANCELLATION OF LOST OR DESTROYED BOND

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the cancellation of..... (here insert bond code, number and year)..... passed by.....for a capital amount of..... in favour of.....*in respect of certain..... (here insert the description of the property, omitting extent) which has been lost or destroyed.

All persons having objection to such cancellation are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at ..... within two weeks after the date of the publication of this notice.

Dated at ..... this..... day of .....

.....
Applicant
E-mail address
Contact number

* In the case of Notarial Bonds, omit reference to property".

Short title

4. These regulations shall be known as the Deeds Registries Amendment Regulations, 2019.

DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING

NO. R. 62 **25 JANUARIE 2019**

REGISTRASIE VAN AKTES WET, 1937 (WET NO. 47 VAN 1937): WYSIGING VAN REGULASIES

Kragtens artikel 9(9) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), keur ek, Maite Nkoana-Mashabane, Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, hiermee die regulasies soos in die Bylae vervat, uitgevaardig deur die Registrasieregulasieraad kragtens artikel 10 van bedoelde Wet, goed. Die regulasies tree in werking een maand vanaf die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

MS MAITE NKOANA-MASHABANE, (MP)
MINISTER VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. R. 474 van 29 Maart 1963, soos gewysig.

Wysiging van Regulasie 68

2. Regulasie 68 van die Regulasies word hierby gewysig-

(*a*) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) As 'n akte waarby reg op grond of enige belang daarin of enige saaklike reg verleen word, of enige geregistreerde huurkontrak of onderhuurkontrak of geregistreerde sessie daarvan of enige verbandakte of notariële verband verlore raak of vernietig is, en 'n afskrif nodig is vir 'n ander doel as vir dié genoem in enigeen van die laaste twee voorafgaande regulasies, kan die geregistreerde houer daarvan, of sy behoorlik gemagtigde agent, skriftelik aansoek doen om sodanige afskrif, en dié aansoek moet vergesel wees van 'n beëdigde verklaring wat die akte beskryf, welke beëdigde verklaring deur 'n notaris geattesteer moet wees, en meld dat dit nie verpand of deur iemand gehou word as sekuriteit vir skuld of andersins nie, maar dat dit werklik verlore geraak het of vernietig is, en dat dit na grondige ondersoek nie te vind is nie, en verder om, waar moontlik, die omstandighede uiteen te sit waaronder dit verlore geraak het of vernietig is: Met dien verstande dat waar 'n Registrateur oortuig is dat enige akte waarna in hierdie paragraaf verwys word, onopsetlik deur hom verloor, vernietig, geskend of beskadig is, hy, nieteenstaande die bepalings van subregulasie (2), 'n afskrif daarvan gratis kan uitleik by voorlegging van 'n aansoek en beëdigde verklaring, welke beëdigde verklaring deur 'n notaris geattesteer moet wees.";

(*b*) deur ná subregulasie (1D) die volgende subregualsie in te voeg:

"(1E) (*a*) Alvorens 'n gesertifiseerde afskrif van enige akte waarby reg op grond of enige belang daarin of enige saaklike reg verleen word, of enige geregistreerde huurkontrak of onderhuurkontrak of geregistreerde sessie daarvan of enige verbandakte of notariële verband kragtens hierdie regulasie uitgereik word, moet die aansoeker, substansieel in die voorgeskrewe vorm, 'n kennisgewing van voorneme om aansoek vir sodanige afskrif te doen publiseer in 'n gewone uitgawe van die *Staatskoerant*.

(*b*) Afskrifte van aktes na verwys in paragraaf (*a*) moet in die registrasiekantoor ter kostelose insage van belanghebbendes beskikbaar gehou word, vir 'n tydperk van twee weke nà datum van publikasie van die kennisgewing, gedurende welke tydperk enige belanghebbende teen die uitreiking daarvan beswaar mag aanteken.

(*c*) Alle persone wat beswaar het teen die uitreiking van sodanige afskrif, moet skriftelike beswaar indien by die toepaslike Registrateur van Aktes binne twee weke nà datum van publikasie van die kennisgewing." en

(*c*) deur subregulasie (11) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(11) As die geregistreerde houer van 'n verband of notariële verband (wat verlore geraak het, vernietig is of onbruikbaar geword het) of sy of haar behoorlik gemagtigde agent begeer om die rojering van die verband te verkry en skriftelik aansoek, behoorlik deur getuies onderteken, gedoen het by die Registrateur om die rojering van sodanige verband, en mutatis mutandis voldoen het aan die bepalings van subregulasies (1), (1E), (2) en (3) van hierdie regulasie, moet die Registrateur, as hy of sy oortuig is dat daar geen goeie rede bestaan waarom hy of sy dit nie sou doen nie, die registrasieduplikaat van sodanige verband rojeer, en sodanige rojering word geag 'n rojering van sodanige verband te wees nieteenstaande dat die oorspronklike van sodanige verband nie vir rojering voorgelê is nie.".

Vervanging en byvoeging van Vorms

3. Die Regulasies word hierby gewysig:-

(a) deur Vorm E deur die volgende Vorm te vervang

"**Vorm E**

Opgestel deur my

.....

TRANSPORTBESORGER

.....

(Vermeld volle naam en van in blokletters.)

TRANSPORTAKTE

Hierby word bekendgemaak:

Dat..... voor my verskyn het te..... die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag aan hom/haar verleen deur ..... gedateer die .....dag van.....19.....en geteken te.....en genoemde komparant het verklaar .....(voeg hier in die gepaste uiteensetting van die aard van die transaksie of die omstandighede wat 'n transport nodig maak) en dat hy/sy in sy/haar voornoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van ....., erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regverkrygendes, * in volkome en vrye eiendom/alle regte, titel en belang in 'n huurpag/voorlopige eiendomsreg (voeg hier in die beskrywing van die grond of aandeel daarin wat oorgedra moet word, insluitende die naam, nommer, registrasie-afdeling of administratiewe distrik, en die grootte. Die regulasies wat die uitstrekklousule bepaal en die verwysing na die voorwaardes, moet nagekom word).

Weshalwe die komparant afstand doen van al die regte en titel wat..... (meld naam van transportgewer) voorheen op genoemde eiendom gehad het en gevolglik ook erken dat hy/sy/dit, geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie; en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde ....., erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regverkrygendes tans en voortaan daartoe geregtig is, doreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en erken hy/sy ten slotte..... (voeg hier in * die koopprys / verklarende waarde van die eiendom waar 'n koopprys nie van toepassing is nie / koopprys en die

verklarende waarde waar die verklarende waarde van die eiendom meer is as die verkoopprys).

Ten bewyse waarvan ek, genoemde Registrateur, tesame met die komparant hierdie Akte onderteken en dit met die ampseël bekragtig het.

Aldus gedoen en verly op die Kantoor van die ..... te ..... op hede die.....dag van .....in die jaar .....

.....

qq Handtekening van komparant.

In my teenwoordigheid

.....

Registrateur van Aktes

(Voeg in 'n registrasieklousule deur die Registrateur goedgekeur.)

LW: In die geval van begiftigingstransporte, as 'n getekende aanname ingedien word tesame met die Akte, moet die aanname in die uiteensetting aangehaal word 'n daarna is geen verdere verwysing nodig nie. As verlang word om 'n aannameklousule in die Akte in te voeg, moet dit onmiddellik voor die "Ten bewyse waarvan"-klousule ingevoeg word: Met dien verstande dat dit slegs van toepassing is op skenkings aangegaan voor 19 Oktober 1982.

Laat weg wat nie van toepassing is nie.";

(b) deur die byvoeging van die volgende vorm:

"VORM JJJ

Verlore of vernietigde Titelbewys

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om 'n gesertifiseerde afskrif van .....(beskryf hier die akte) gepasseer deur..... ten gunste van ..... *ten aansien van sekere .....(voeg hier in die beskrywing van die eiendom uitsluitende die grootte) wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle persone wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te ..... binne twee weke ná datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te ..... op hede die ... dag van .....
.....
Aansoeker
Adres
E-pos adres
Kontak nommer

* Skrap die verwysing na eiendom in geval van notariële verbande."; en

(c) deur die byvoeging van die volgende vorm:

"**VORM KKK**

KANSELLASIE VAN VERLORE OF VERNIETIGDE VERBAND

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die kansellasie van ..... (voeg hier in die verbandkode, nommer en jaar) gepasseer deur .....vir die kapitale bedrag van ..... ten gunste van ..... *ten aansien van sekere .....(voeg hier in die beskrywing van die eiendom, uitsluitende die grootte) wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle persone wat teen die sodanige kansellering beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te ..... binne twee weke ná datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te ..... op hede die ..... dag van .....

.....

Aansoeker

Adres

E-pos adres

Kontak nommer

* Skrap die verwysing na eiendom in geval van notariële verbande.".

Kort titel

4. Hierdie regulasies heet die Aktesregistrasie Wysigingsregulasies, 2019.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**